



Enid Blyton Stories

Pinkity se
Partytjie Kleed



Lank, Lank Gelede

Was daar 'n towerfeetjie genaamd Pinkity. Pinkity was 'n towerfeetjie wat daarvan gehou het om na partytjies toe te gaan.

Sy het na die hase se partytjies gegaan en het ook na muis se pieknieks gegaan. Sy was ook mal daarvoor om na die feetjies se partytjies te gaan, en allawêreld, wat 'n bederf was dit net nie om na 'n partytjie by die paleis te gaan.



Pinkity het in Jenny se tuin gewoon—maar Jenny het dit nie geweet nie! Pinkity het 'n klein huisie onder die ou sering bos gehad. Al die muise het dit geweet en so het die twee hase wat aan die einde van die tuin gewoon het dit ook geweet. Een van die hense het dit ook geweet, want sy het onder die bos ingegaan om 'n eier te lê.



Maar Jenny het dit nie geweet nie, al het sy 'n paar keer per dag om die bos gespeel!

Jenny het met haar pop Rosebud gespeel. Sy was baie lief vir haar, want Rosebud was 'n mooi, snoesige pop, wie se oë toe gegaan het wanneer dit tyd was om te slaap, en wat "Ma-ma" in 'n baie baba-agtige stem kon gesê het. Rosebud het twee klomp rokke gehad—'n pienk een met 'n wit serp, en 'n blou katoen een vir oggende.



Pinkity het dikwels gekyk hoe Jenny met Rosebud gespeel het. Eendag, toe Pinkity deur die blare na Jenny geloer het, kom die posman met 'n brief vir die towerfee. Die posman was 'n klein muis.



Pinkity het die brief in opgewondenheid geneem.

"Ek hoop dit is 'n partytjie uitnodiging!" het sy uit geroep.

En dit was! Dit was van die Feetjie Goldywings, en die partytjie sou die volgende dag, die Maandag wees, 'n piekniek partytjie op Breezy heuwel.

"O, wat pret! " het Pinkity uit geroep. " Ek sal vir my 'n rok en hoed van pienk roosblare maak. Ek sal goed lyk! "



Daardie aand het sy die pienk roosblare uit Jenny se tuin gaan haal. Sy het op ou Shellyback, Jenny se skilpad, afgekom wat in die gras gelê en geslaap het. Pinkity het gelag.

"Ek sal jou as 'n stoel gebruik om op te sit! " het sy gesê. Sy het op die skilpad se rug gaan sit en het begin om haar pienk rok en hoed te maak.



Eers het sy die hoed gemaak en het dit op haar kop gepas.
Regtig, dit het baie mooi gelyk, alles gemaak van syagtige
blare. Toe begin sy om die kleed te maak.



Sy het tot dagbreek gewerk, en toe moes sy nog 'n pienk draadjie by haar huisie gaan haal. Sy het die kleed liggies op die grond by die skilpad laat val en het weg gehardloop.



Toe sy terugkom, wat dink jy het gebeur? Wel, die ou skilpad het wakker geword en sy kop uit sy dop gehaal. Hy het die roosblaar kleed gesien—en het dit begin opvreet!

Jy sien, roosblare was 'n groot bederf vir hom. Hy het baie daarvan gehou en het dit nie gereeld gekry nie. Toe hy dus die roosblaar kleed sien, het hy dit in verrukking begin eet!



Wel, die arme Pinkity het gaan sit en gehuil en gehuil toe sy sien wat gebeur het! "Jou verskriklike onvriendelike ding!" het sy gesnik. " Ek het die hele nag hier deurgebring om my nuwe kleding te maak - en jy eet dit in omtrent twee minute op! "

" Jammer! " het Shellyback gesê. "Ek het nie geweet dit was 'n kleding nie. Ek het gedink dit was net roosblare en ek is baie lief daarvoor."



"Dit is nou Maandag oggend en daar sal nie weer tyd wees om vir myself nog 'n kleding te maak nie," het Pinkity gesê.

"Ek sal nie vandag na die piknik toe kan gaan nie!"

"Ek is baie jammer," het Shellyback weer gesê. Hy het wel gewens hy kon iets doen!



Pinkity het terug na haar huis gegaan daar onder in die bos,
nog steeds in trane. Shellyback het aan die gras getrek en het
gewag vir Jenny om uit te kom, om buite te kom speel.



Toe sy uitkom het sy baie belangrik gelyk. Dit was Maandag - en sy gaan 'n wasdag hê net soos Ma! Sy het Rosebud se pienk syrok, wit onderrok en kleeid gewas en haar stootwaentjie se oortreksel en kussingsloop ook gewas. Nou het Ma vir haar 'n klein wasgoedlyn in die tuin opgesit om die goed op te hang om droog te word!




Die skilpad het gekyk hoe Jenny al die klere vas geopen het. Hy wens hy kon haar van Pinkity vertel het, maar hy het net 'n gesuis vir 'n stem gehad en Jenny sou nie verstaan nie.



Jenny het toe binnenshuis in gegaan om haar hoed en jas te kry vir 'n wandeling. Shellyback het gekyk hoe die klere op die lyn vlieg en het gaan eet.



Die wind het hard gewaai. Dit het die klein klere op die klein lyn geblaas en dit het Ma se groot klere op die groot lyn geblaas. Dit het so hard gewaai dat dit die pienk syrok heeltemal van die lyn af geblaas het, en dit het weg gevlieg en om die skilpad se kop gedraai!



Hy was verras! Hy het dadelik sy kop in sy dop in gesteeek.
Toe steek hy dit weer uit om te sien wat dit was wat op
hom geval het.



Dit was Rosebud se beste pienk sy kleet—en die skilpad het opgewonde daarna gestaar. Net die ding wat Pinkity by die piekniek kan dra! Maar net as dit haar sal pas!



Shellyback het die kled in sy mond op getel en daarmee gekruip tot onder die sering bos in. Pinkity was daar, sy het nog steeds gehuil. Sy het so na skilpad gestaar toe sy sien skilpad het 'n pienk sy rok wat hy in bring!



" O! O! Waar het jy dit vandaan gekry? " en sy het so gehuil.
"Wat 'n pragtige rok - en ek glo dit sal net by my pas - en dit sal pragtig by my nuwe roosblaar kappie pas!"



Sy het die rok oor haar kop geglip en die wit serp om gebind.
Hoe mooi het sy net nie gelyk nie!

"O, dankie!" het sy vir Shellyback gesê en het sy klein stomp
neusie gesoen. "Ek sal dit na die piekniek dra!"



Sy het dit uitgestryk, en toe aangetrek vir die piekniek met haar mooi pienk kappie. Sy het na die piekniek gegaan, so gelukkig as wat kon wees - en almal het haar in die rok bewonder en vir haar gesê hoe mooi sy lyk!



Arme Jenny was ontsteld toe sy van haar stap af terug gekom het en het gevind dat die pienk sy rok van die lyn af gewaai het. Sy het daarvoor gesoek en gesoek—maar natuurlik kon sy dit nie vind nie! Toe was dit haar beurt om te huil.



Die skilpad het haar gehoor huil en het gou geweeet
hoekom. Hoe ongemaklik het hy gevoel! Eers het hy
Pinkity se roosblaar kleed geëet en haar laat huil - en nou
het hy Jenny se pop kleed weg geneem en haar laat huil.



Hy het na die sering bos gegaan en gewag vir Pinkity om huis toe te kom.

Toe sy terug gekeer het, het hy haar vertel hoe ontsteld Jenny was. "Ag skat!" het Pinkity gesê, "wat 'n skande! Wel, ek sal binnekort hierdie rok was en stryk, Shellyback, en dan sal ek dit vir Jenny terug gee vir Rosebud. En dan sal ek vir haar my roos blaar kappie ook gee. Dit sal mooi by die pop pas."



So die aand het Pinkity die pienk rok gewas en gestryk, en toe in 'n klein boksie gepak, saam met die pienk kappie.



Sy vlieg tot by die kinderkamer se venster, glip bo in
en los die boks op die tafel.



Toe Jenny dit gekry het en dit die volgende oggend oop gemaak het, kon sy skaars haar oë geglo get! "O, kyk!" het sy gesê, "hier is my pop se kleed terug - en 'n lieflike roosblaar kappie ook! Dit sal perfek by Rosebud pas."



So is dit, en sy dra dit elke keer as sy uitgaan. Jenny sal so graag wil weet wie dit gemaak het. Shellyback het al hope kere vir haar gesê, maar sy verstaan nie sy gesis nie. Ek wens ek kon vir haar sê, nie waar nie?

Die Einde





THINK
DIGITAL ACADEMY

